2 **November** **Skrifgedeelte: Jesaja 1:10-20**
**Fokusgedeelte: NGB, Art 27**

**Die kerk – almal wat gewas is in die bloed van Christus**

“Mense is moeg vir tradisionele godsdiens.” Hierdie verklaring is gewild waar kerklike probleme bespreek word. Waarom raak mense lou, kerklos of soek hulle ander godsdienste op? “Mense is moeg vir tradisionele godsdiens.”

Ons Skrifgedeelte wys op ’n ander moontlikheid: God het moeg geraak vir die tradisionele mens! (vers 14). Die mense se offers, kerkbesoek, feeste en gebede het vir God ’n las geword. “Wie het julle gevra om my voorhowe te kom vertrap?”, vra God (vers 12). Wie sê God wil Hom deur die tradisionele mens van die 21^ste^ eeu laat dien? Is dit so vanselfsprekend?

Glad nie, leer ons Skrifgedeelte. God wil Hom nie deur mense vol selfsug laat dien nie. Selfsug lei uiteindelik tot verdrukking, onreg en geweld. As sulke mense ewe vroom kerk toe kom, draai God sy rug. Hy sluit sy oë en ore (vers 15). Na ’n rukkie kom hierdie mense agter dat hulle godsdiens nutteloos is. “Ek kry niks meer by die tradisionele kerke nie,” sê hulle dan en bly weg.

Jaag God die mens van die 21^ste^ eeu weg? Nee! Hy sê: “KOM!” In vers 18 rig Hy die uitnodiging: “Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak!” (vers 18). Hoe kan ons God dien met ’n lewe so vol selfsug en sonde?

Geen “tradisionele mens” kan hierdie konfrontasie met die heilige God oorleef nie. Jy moet óf vlug óf sterf. KERK is almal wat Jesus se sterwe in hulle plek aanvaar en so skoon- en vrykom van die tradisionele “eie ek”. Só ’n kerk mag in die 21^ste^ eeu dalk baie klein wees, maar dit is daar!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*